# Die

# Potchefstroom Uniwersiteits-kollege.

Uitgegee deur

Die Kristelike Unie

378.682
KRI

# Die Raad
VAN DIE
# Potchefstroomse Uniwersiteitskollege
EN DIE
# S. G. Gewetensklousule.

---

Die saak van die gewetensklousule in ons Hoër Onderwyswette begin die aandag trek van die hele bevolking van die Unie en sal in die toekoms nog meer die aandag trek sedert in die Volksraadsitting van 15 Februarie 1927 die volgende mosie van dr. N. J. v. d. Merwe met 60 teen 21 stemme verwerp is.

DIE MOSIE LUI SOOS VOLG:

„Met die oog op die bestaan van die sogenaamde gewetensklousule in die hoër onderwyswette van die Unie is hierdie Raad van mening dat die Regering so spoedig moontlik wetgewing behoort in te dien om voorsiening te maak dat die verskillende seksies van die bevolking op gelyke voet sal behandel word, sodat 'n uniwersiteit of uniwersiteitskollege wat op kristelike grondslag wens te staan of wat verlang om onthewe te wees van die bepalings van vermelde klousule, dieselfde voorregte sal geniet as die inrigtings wat volgens hierdie bepalings op neutrale standpunt wens te staan."

Die saak het aanhangig geword omdat die Raad van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege op advies van die Minister van Onderwys van plan was om by die Volksraad van 1926 'n private wetsontwerp in te dien wat aan die kollege die reg sou verskaf om op Kristelike basis te staan. Die wetsontwerp is nie ingedien nie omdat die Regering op 'n later datum besluit het dat as die inrigting op Kristelike basis kom te staan, die regeringsbydrae sal wees 50 persent in plaas van 70 persent van die goedgekeurde uitgawe.

Op 'n vergadering van die Raad gehou op 25 November 1925 is die volgende besluit geneem:

„Die Raad het met leedwese kennis geneem van die besluit van die Minister van Onderwys om die

671/32



Regeringsbydrae tot die fondse van die Kollege te beperk tot 50 persent van goedgekeurde uitgawes en besluit om sy deputate ad hoc op te dra om die Minister in kennis te stel dat so'n beperking deur die Raad nie mag aangeneem word nie, en dat die konsepwet sonder enige sodanige beperking by die Volksraad moet ingedien word."

Die aanvaarding van hierdie beperking van regeringskant deur die Raad, sou beteken het dat die Raad die Kristelike standpunt as minderwaardig as die neutrale standpunt beskou en gevolglik die beboeting van Kristelike beginsels as geregvaardig aanneem.

Toe die Regering na 'n onderhoud met 'n invloedryke deputasie geen kans gesien het om van sy sienswyse ten opsigte van die beperking af te wyk nie, is op inisiatief van ander belangstellendes 'n komitee van werksaamhede in Kaapstad gevorm, waarop die Raad verteenwoordig was.

Hierdie komitee was verder in die saak werksaam en sal ook seker in die toekoms met sy oortuigingswerk voortgaan.

Intussen is die Raad van die P.U.K. teenoor die land en volk verplig om die standpunt wat hy ingeneem het te verdedig en uiteen te sit. Die naam Potchefstroom is so dikwels in toesprake, geskrifte en koerantartiekels gebesig dat die Raad sy sienswyse oor die saak wil bekend maak.

Dis ondoenlik om elke stuk wat verskyn het of elke toespraak wat gehou is, te behandel.

Bowendien is dit ook onnodig. Die argumente wat teen die saak aangehaal is, kom min of meer ooreen en kan dus onder sekere hoofde in die algemeen behandel word.

Die Raad sal trag om eers **sekere gemaakte beweringe te weerlê,** dan die **hulpmiddels** wat as 'n uitweg aangegee word bespreek en eindelik **positief** sy **standpunt** uiteensit.

## A. GEMAAKTE BEWERINGS.

### 1. Dis 'n bloot Potchefstroomse saak.

Hierby word nog gevoeg dat dit 'n saak van ponde, sielings en pennies is.

Die Raad erken met dankbaarheid dat sy inrigting noual vir 'n paar jaar gelykop met ander inrigtings behandel word en nie meer net die beperkte

som van £4000 ontvang nie. soos die geval was vir 'n paar jaar na die inkorporasie.

Lesers en hoorders van bogenoemde geldargument mag onder die indruk gekom het dat die Raad om meer geld gevra het. Daarom moet dit uitdruklik verklaar word dat hier geen geld-kwessie is nie. Die Regeringsvoorstel van beboeting van Kristelike beginsels kom later ter sprake. Daar het die Regering die geldkwessie aanhangig gemaak. Buitendien as dit net 'n kwessie was vir die Raad van ponde en sielings dan was die aangewese weg om die saak doodstil te laat staan.

Verder dat die verbodsbepaling net maar 'n saak van Potchefstroomse mense is, moet met die meeste beslistheid ontken word. Genoeg is om o.a. te wys op die **eenparige** besluit van die Sinode van die Neder. Geref. Kerk in die Kaap Provinsie van Oktober 1924, waar die Sinode hom ten gunste van die verwydering van die gewetensklousule verklaar het. Hiermee word ook die bewering van die Minister van Onderwys asof Potchefstroom van sekere moeilikhede op Stellenbosch handig gebruik gemaak het, weerlê.

Die Raad was hom van die moeilikhede nie bewus nie, en seker tog ook nie die genoemde Sinode nie.

Die besluite op die Nasionale Kongresse van Transvaal, Vrystaat en Natal is ook 'n afdoende antwoord op die genoemde bewering. In die Volksraad van 15 Februarie j.l. het die Minister van Onderwys gesê dat die kongres van die Vrystaatse Nasionale Party hom nie een verklaar het met die mosie van dr. N. J. van der Merwe. Die volgende besluit is deur die genoemde kongres geneem: ,,Die kongres besef geredelik die tegniese moeilikhede verbonde aan die verwydering van die s.g. gewetensklousule. Hy is egter van oordeel dat die voortbestaan daarvan in die Uniwersiteitswette die godsdienstige ondergrond van die studente kan benadeel, en spreek dus as sy innige wens uit dat die Regering die gemelde verwydering ernstig oorweeg.'' Die hele strekking van die besluit kom ooreen met die mosie van dr. van der Merwe.

Die voorstelling dus dat die beweging bloot 'n Potchefstroomse saak is, kan nie met die oog op genoemde feite gehandhaaf word nie.

2. 'n **Twede** bewering wat gemaak is deur die Minister van Onderwys is: **Hy moet betwyfel of dit die mense erns is.**

In die verband waarin die gesegde voorkom word met mense hier bedoel die **mense van Potchefstroom.**

Die Raad wil graag aanneem dat dr. van der Merwe in sy pleidooi gesê het dat die woorde die Minister in 'n warm debat ontval het. Die Minister het egter in die Volksraad 'n mooi geleentheid gehad om so'n krenkende uitlating terug te trek. Dit is nie gedoen nie en vanself voel die Raad dat die gesegde nog deur die Minister gehandhaaf word. Dr. van der Merwe het die onjuistheid van hierdie bewering in sy toespraak aangetoon en die Raad wil nie verder hier 'n **oratio pro domo** lewer nie.

3. 'n **Derde** bewering is: **dis 'n beweging vir Kerklike voorregte op die Uniwersiteite en Uniwersiteitskolleges.**

Hierdie interpretasie word waarskynlik aan die beweging gegee omdat die kerke die voortou geneem het. Uitdruklik is tydig en ontydig te kenne gegee dat met die beweging geen kerklike bevoorregting bedoel word nie. Die verklaring word nie aangeneem nie. Die Raad kan alleen hier weer die plegtige versekering gee dat hy nooit kerklike bevoorregting bedoel het nie. Nie alleen om prinsipiële redes nie maar ook om die praktese oorweging dat geen enkele Raadsliggaam so'n houding kan inneem nie omdat hy daardeur sy inrigting onnoemlik groot skade sou aandoen.

In die verlede, voor 1916 toe daar geen sodanige verbodsbepaling in die wette was nie, is **dit nie gedoen nie**, waarom sal dit dan gedoen word as weer tot die vryheid voor 1916 teruggekeer word?

4. 'n **Vierde** bewering is: dis 'n **middeleeuse standpunt.**

Die Raad is bekend met die feit dat daar 'n baie sterk neiging is om sodra daar van God en godsdiens gepraat word, dit met die naam „middeleeus" te bestempel.

Die Raad wil graag onomwonde verklaar dat hy oortuig is dat Gods Woord 'n Lig is, ook op die gebied van wetenskap. Ten opsigte van hierdie oortuiging is dit die Raad onverskillig of „middeleeus" of „caesaropapisties" of wat ook al genoem word. Hy verkies om in hierdie opsig liewer **middeleeus** as **modernongelowig** genoem te word.

5. 'n **Vyfde** bewering is: dis 'n beperking van die indiwiduële vryheid van die burgers van die Staat.

In verband met hierdie bewering word die **sogenaamde geloofstoets** voorgehou.

Dis 'n denkbeeldige skrikbeeld wat deur die Minister van Onderwys in al sy toesprake breed uitgeteken is. Ander sprekers en skrywers (nog onlangs die toelogiese professore van die Herv. Kerk in hulle stuk in De Hervormer (8 Februarie 1927) het daarop verder geborduur.

Die teologiese professore gaan selfs sover om te spreek van „een geloofstoets voor allen die by het universitaire onderwys betrokken zyn."

In die eerste plek word daar glad nie vir 'n geloofstoets geywer nie, laat staan „'n geloofstoets voor allen." Die Raad wil wat sy inrigting betref die kristelike standpunt, wat Gods Woord as die Bron en gesag vir die lewe erken, gehandhaaf sien. Dat Gods Woord 'n lamp is vir die ganse lewe hoef ons seker nie nader te betoog nie. Raadsliggame van ander inrigtinge is by die al of nie verwydering van die gewetensklousule volkome vry om te handel soos hulle wil. Hier is dus geen sprake van 'n soort gewetensdwang vir almal nie.

Die vraag word verder gestel „maar hoe wil die Raad sy Kristelike standpunt sonder 'n geloofstoets handhaaf, en of hy bekwaam is om dit te doen?"

Die antwoord is dat as die Suid-Afrikaanse Naturelle-kollege in staat is om uitvoering te gee aan die volgende artiekel in sy konstitusie deur die Volksraad goedgekeur: n.l. "The College shall be a Christian College, and, while no special religious tests may be applied, all members of the staff shall be professing Christians and of missionary sympathies," enige ander Raad ook in staat kan wees om die Kristelike karakter van sy Kollege te handhaaf sonder om juis 'n geloofstoets toe te pas wat 'n eng Kerklike karakter dra.

In die twede plek word die Roomse kerk voorgehou as 'n skrikbeeld vir die indiwiduële vryheid van die burger. Die teologiese professore haal o.a. die volgende aan: „Rome kent in den grond niet het recht van elk levensterrein om zich naar eigen regel en wet te ontwikkelen."

As ons in die aangehaalde sin in plaas van Rome sou skryf „die Volksraadsbesluit van 15 Februarie 1927," dan is dit seker wel duidelik wie die indiwiduele vryheid wil beperk.

Hieruit volg in die derde plek dat terme soos „inkwisiesie," „onprotestants," „gewetensdwang" misplaas is.

Rome tog het die wetenskap gekneg onder sy Instituut, en die Raad, wat die vrymaking van die Wetenskap deur die Protestantisme dankbaar erken, kan daarom die insinuasie dat sy strewe Rooms is as onlogies en onhistories ter syde lê.

In verband met hierdie vraagstuk het die Minister van Onderwys in die Volksraad van Mei 1926 verklaar dat as daar ongelowige professore aangestel is, die fout dan nie by die Regering maar by die Raadsliggame moet gesoek word. „Hulle maak die aanstellinge en nie die Regering nie." Verder het die Minister volgens die verslag van die Transvaalse Nas. Kongres in September 1926 nie alleen hierdie bewering herhaal nie maar nog verder gesê: „Geen liggaam word verhinder om in die privaat te gaan navraag doen na 'n persoon se geloof nie." Dit is onwaardig vir 'n verantwoordelike liggaam.

Hier moet verder melding gemaak word van die argument van huigelary. Vir huigelary kan geen vorm aan gelê word nie.

6. 'n **Sesde** bewering is: **dis 'n onwetenskaplike standpunt.**

Die Raad kan vir geen oomblik aanneem dat wie op Kristelike standpunt hom aan wetenskaplike ondersoekinge wil wy, daardeur 'n onwetenskaplike standpunt inneem nie. Wetenskap tog bedoel die waarheid en die waarheid kan nooit in stryd met Gods Woord wees nie en daarom kan 'n Kristelike standpunt nie onwetenskaplik genoem word nie. Die Woord van God bly ook op die gebied van wetenskap waar: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe," en „die waarheid sal u vrymaak." Breedvoeriger is dit uiteengesit in die brosjure uitgegee deur die Kristelike Unie, No. I van die serie: Heilige Skrif en Wetenskap.

7. 'n **Sewende** bewering is: **„Uniwersiteite is Staatsinrigtinge."**

Hierdie bewering van die teologiese professore is in stryd met die wet. In die Hoër Onderwyswet 1917, hoofstuk 1, art. 2(1) word neergelê dat „Elk Kollege zal worden aangemerkt als een van Staatswege ondersteunde instelling."

As die woorde iets beteken, dan is die betekenis dat geen enkele inrigting van Hoër Onderwys ten volle as 'n staatsinstelling kan beskou word nie. Die wet vereis (en seer tereg ook) dat elke sodanige inrigting moet ontstaan en in stand gehou word deur partikuliere inisiatief voordat staatsteun kan verleen word.

*Dis hier veral waar die gewraakte artiekel op alle* kristelike inisiatief belemmerend werk. Gestel dat 'n groep persone van kristelike beginsels so'n inrigting tot stand gebring en jarelank uit eie middele onderhou het. Later word die inrigting weens uitbreiding te groot vir die draagkrag van die oprigters.

Staatsteun is nodig. Geen beswaar sal gemaak word om so'n inrigting van Staatsweë te ondersteun nie, maar die Kristelike beginsels moet van die dag waarop staatsteun ontvang word gebêre word.

Dis duidelik dat partikuliere inisiatief van Kristelike kant op hierdie manier gestrem word. Sulke mense mag net sulke inrigtings laat **ontstaan,** nie **bestaan** nie, of die Kristelike ondersteuners moet hulle gewete geweld aandoen.

8. Die **agste** bewering is: ,,dis 'n **anomalie** om **neutrale** laer en middelbare skole te hê en dan vir partikuliere **kristelike** Uniwersiteite te ywer.''

Seker is dit 'n anomalie en vir die ongelukkige toestand in ons land is die Raad nie verantwoordelik nie. Hy *het te doen met 'n inrigting vir hoër onderwys*; daarvandaan sy optrede in die saak van die s.g. gewetensklousule in die Uniwersiteitswette. Die Raad is egter ook oortuig dat as die saak met die hoër-onderwys nie in orde kom nie die terugslag op die laere inrigtings treurige gevolge sal hê en daarom sal deur die totstandkoming van Hoër Onderwys Inrigtinge *die stryd al meer as half gewonne wees vir die* laer, middelbare en Normaal skole, wat op Kristelike grondslag wil staan.

9. 'n **Negende** bewering is: **,,menslike poginge om die Almagtige te beskerm is belaglik.''**

Dis die woorde van die teologiese professore. Wie konsekwent op hierdie standpunt wil wees, moet hom verklaar teen alle Kristelike wetgewing, o.a. ook wees vir die afskaffing van die wette teen Sabbatsontheiliging.

,,God zal immers Zijn Waarheid niet krenken,'' sê *die teologiese professore van die Herv. Kerk om* hulle standpunt te beklemtoon.

*Die Raad is diep oortuig dat God werk deur middele daarom ywer hy.*

Hiermee meen die Raad dat hy die vernaamste bewerings van die teenstanders opgesom en daarop 'n antwoord gegee het. Enkele argumente deur Senator Langenhoven gebruik, wat onder die hoof ,,odium theologicum'' saamgevat kan word, beskou die Raad as misplaas.

Die Raad wens ook verder die middels te bespreek wat aan die hand gegee is om uit die moeilikheid te geraak.

B. HULPMIDDELS.

1. Die **vernaamste** middel een en andermaal deur die Minister van Onderwys voorgestel is dat elke Kollege 'n Kristelike standpunt kan gaan inneem mits hy daarin toestem om 'n verminderde Staatstoelae te ontvang.

Hierdie voorstel het die Raad van die hand gewys om die volgende redes:

(a) Die Kristelike standpunt is nie minderwaardig as die s.g. neutrale standpunt nie;

(b) Die voorstel 'n beboeting van Staatsweë is van Kristelike beginsels;

Die beswaar teen hierdie standpunt van die Raad ingebring is, dat die Staat dan verplig sal wees om allerlei godsdienstige-rigtinge te help om 'n inrigting vir hoër onderwys te hê. Dis onmoontlik en onuitvoerbaar, so word geredeneer.

So op die oog lyk dit wel so, maar goed beskou is die saak nie so onmoontlik nie. Niks verhinder die Staat om te bepaal dat voordat enige rigting (solank die rigting natuurlik nie as staatsgevaarlik kan beskou word nie) staatsteun kan geniet, aan sekere vasgestelde vereistes moet voldoen hê en in die toekoms voldoen. Word aan die vereistes deur verskillende groepe van persone voldoen en het hulle so getoon dat hulle wel bereid is om vir hulle beginsels op te offer, waarom sal hulle dan nie gelyklik behandel word nie?

Die toets van opoffering, waarvan die Minister nogal graag praat, moet nie alleen op mense van Kristelike beginsels gelê word nie, maar almal, ook „neutrale standpunt" mense, moet onder die toets deurloop.

2. 'n **Twede** hulpmiddel is dat die kerke kristelike koshuise by die Uniwersiteite of Uniwersiteitskolleges moet oprig.

Die Raad spreek graag sy waardering uit om wat in die verlede in hierdie rigting gedoen is, en wil vir geen oomblik ontken dat van sulke koshuise 'n verbasende goeie invloed kan uitgaan nie. Tog is die Raad oortuig dat sulke stigtings die indruk wek en die gedagte voed dat **leer** en **lewe, hoof** en **hart** apart van mekaar staan.

Op die Uniwersiteit kan dan maar enige iets geleer en geglo word, terwyl in die losieshuis die eis van 'n beslis Kristelike leefwyse gestel word. Hierdie noodsaaklike dualisme is op die duur onhoudbaar; die skaal moet na die een of ander kant-toe deurslaan. 'n Dualistiese lewe is vir die mens onmoontlik. Die toestand van ,,heiden met die hoof en kristen met die hart'' is 'n tweeheid wat verwoes. Hier geld seker ook die Skrifnorm: ,,'n huis wat teen homself verdeel is, kan nie bestaan nie.''

Verder as huislike opvoeding waar die teerste bande bind, nie alleen teen die stroom van ongeloof wat in die wetenskaplike wêreld dreig om die grondslae van ons volksbestaan te ondermyn, bestand is nie, hoe sal die opvoeding van 'n kristelike huisvader of huismoeder in 'n kristelike losieshuis, waar vanself tere huislike bande nie krag aan die gesag kan verleen nie, dié stryd kan aandurf, volhou en die oorwinning behaal?

Ouers staan magteloos en nog meer die kristelike huisvader en huismoeder.

Die hele verhouding waarin studente teenoor hulle huisvader staan, maak dat aan die woord van die professor (,,ipse dixit'') oneindig veel meer waarde as aan die van hulle versorgers sal geheg word.

Nogmaals wil die Raad beklemtoon dat dergelike inrigtings kostelik is, maar eers tot hulle volle reg kan kom, wanneer daar op geestelike terrein harmonie tussen Uniwersiteit en koshuis is.

Soos sake staan, word onverantwoordelik met ons jongmense gehandel. Hulle word maar in die stroom gegooi met die nuwe wens: kom self klaar en bly gelowig.

Daar is geen die minste gedagte om ons jongmense in 'n **,,broeikas''** te laat groot word en ontwikkel nie. Sulke soort mense is kluisenaars en aan kluisenaars is daar nie behoefte nie. Die sel-lewe is 'n versmading van die rykdom van die menslike lewe wat God ons skenk.

Op die Uniwersiteite moet die jongmense met al die worstelinge op geestelike terrein bekend raak en bekend gemaak word. Hierop kan daar geen verskil bestaan nie, maar die strewe van die Raad is om te verseker dat bekendmaking en bekendwording onder die leiding van manne sal geskied wat 'n **Kristelike** standpunt inneem.

3. 'n **Derde** hulpmiddel wat insonderheid deur die Minister van Onderwys aanbeveel word, is: **'n spesiale leraar (predikant) moet aangestel word om die studerende jeug op die Uniwersiteite te bearbei.**

Die Raad wil graag opmerk dat die tyd van ensieklopediese kennis al lankal verby is en meer 'n eienskap van die middeleeue as van die laaste eeue was; dat tevergeefs dus na so'n persoon sal uitgesien word: dat ingeval 'n persoon van so'n ensieklopediese kennis gevind sal kan word, die soort kennis van geen waarde is vir de bespreking en behandeling van die beginsels wat ten grondslag van die verskillende vertakkinge van die wetenskap lê nie; dat die spesiale leraar 'n baie vroegtydige dood .figuurlik sowel as letterlik, sal sterf.

Bowedien is die Raad oortuig dat so'n hulpmiddel die Kristelike beginsels meer in oneer as in eer sal bring. Vanself sal die gedagte by die studerende jeug ontstaan dat ons kristelike beginsels iets aparts van wetenskap is. Dit is al ongelukkig die toestand in ons land en die ongelukkige toestand-skeiding van **leer** en **lewe** sal daardeur nog meer bestendig word.

Tereg word gesê en gevoel dat so'n geestelike poliesman meer spotlus en veragting, as erns en agting by die studerende jeug sal aankweek.

In elk geval deur die aanwysiging van hierdie hulpmiddel het die Minister self erken dat daar gevaar is in ons Uniwersiteite, maar die Raad kan om bogenoemde redes die raad van die Minister van Onderwys nie aanneem nie, maar is oortuig dat die standpunt wat die Raad met die genoemde wetsontwerp ingeneem het, die juiste standpunt is.

Hierdie standpunt wens die Raad nader te verklaar.

## C. DIE STANDPUNT VAN DIE RAAD VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIWERSITEITSKOLLEGE.

Die Raad beskou dat die verbodsbepaling is:

1. **'n Beperking van die reg van die Kristelike deel van die volk om die rigting van die onderwys vir hulle kinders te bepaal.**

Die Raad kan nie aanneem dat die verpligting van ouers ten opsigte van hulle kinders met die laer en middelbare skole ophou nie. Die belofte by die

doop van hulle kinders gedoen, bind die ouers om toe te sien. Die verbodsbepaling maak dit vir die ouers onmoontlik om dit te doen;

2. **'n Miskenning van die groot protestantiese beginsel van vryheid.**

Die verbodsbepaling wil op die gebied van Hoër Onderwys alleen die s.g. neutrale standpunt gehandhaaf sien en verbied ten enemale 'n ander standpunt. Die Raad ywer vir vryheid en wens dat ook die kristelike standpunt sal erken word sonder enige beboeting of beperking. Dit kan verkry word of deur die algehele verwydering van die klousule of deur erkenning van Staatsweë van 'n standpunt wat nie as staatsgevaarlik kan beskou word nie;

3. **In stryd met die Suid-Afrika Wet (grondwet) van die Unie** soos die unaniem deur die Senaat en Volksraad in die jaar gewysig is met die invoering van 'n klousule wat soos volg, lui: „Nademaal het volk van de Unie van Z.-Afrika, een God ere en een volk zijnde, steeds de Almachtige God erkend heeft als de Opperste Leidsman door Wie de lotgevallen van de volken der aarde bepaald en beheerst worden, erkent het volk van de Unie de souvereiniteit en leiding van de Almachtige God."

Die wysiging in die Suid-Afrika Wet maak dat die gewetensklousule 'n anakronisme geword het en **out-of-date** is. Die verwydering van die gewraakte artiekel is dus noodsaaklik of die gewysigde Unie-grondwet het geen die minste betekenis nie, maar is net **„'n doekje voor het bloeden;"**

4. **In stryd met die kristelike tradiesies van die Suid-Afrikaanse bevolking.**

Jaar vir jaar word tereg deur die lengte en breedte van die land Dingaansdag gevier ooreenkomstig die plegtige gelofte van ons voorouers.

Kan die dag in alle erns gevier word as die volk toelaat dat die neutrale klousule ons wetboek ontsier en die Kristelike opvoeding en opleiding van die jeug van Suid-Afrika belemmer?

5. **Is in stryd met die beginsesl van die teenswoordige Regering.**

Die volgende beginsels van die Nasionale Party spreek vir hulle self (vgl. "De Nationale Party, Beginsels, Constitutie. Statuten, uitgegeven namens 't bestuur daartoe benoemd door 't speciaal kongres gehouden te Bloemfontein 7—9 Januarie 1914." Die toeligtings wat by die Program van Beginsels gegee word, is ook deur die Kongres goedgekeur.)

Art. 2. „Zij erkent de leiding Gods in de lotgevallen ook van landen en volkeren en zoekt de ontwikkeling van 't volksleven langs Christelik nationale weg."

Die handhawing van die gewetensklousule is vir hierdie doel nie bevorderlik nie.

Art. 6. „Zij erkent het bevorderen van 't heil en de welvaart van 't volk zowel op **geestelik** als op nationaal en stoffelik gebied als de plicht en roeping der overheid, en verklaart zich ervan overtuigd dat aan die roeping niet voldaan kan worden zonder een **onpartijdige en gewetensvolle** betrachting van Regeringswege van de **rechten en voorrechten** van elk deel der bevolking onder de **Grondwet** gewaarborgd."

In die toeligting op hierdie artiekel staan geskryf: „De Nationale Party verklaart zich ervan overtuigd te gevoelen, dat de Regering van het land niet aan hare roeping kan voldoen zonder op eene gewetensvolle wijze aan elk deel der bevolking te doen toekomen al de rechten en voorrechten die hem by de Grondwet gewaarborgd zijn.

......De rechten onder de Grondwet gewaarborgd zijn de rechten waaraan 't volk bovenal gewicht hecht en die het voor zijn welvaart en heil 't allergrootste gewicht achten.

Die handhawing van die klousule beskou die Raad as 'n stremming van die Kristelike, protestantse vryheid, **'n reg** waaraan die volk van Suid-Afrika, die hoogste waarde heg en wat deur die grondwet gewaarborg is.

Art. 10. „Zij erkent de plicht van de overheid om over het onderwijs toezicht te houden en te zorgen, dat ieder kind naar aanleg en gelegenheid onderwijs ontvange, gebaseerd op genoemde zielkundige en nationale beginselen, zodanig dat het daardoor in staat gesteld worde zijn plaats met ere in te nemen in de maatschappij.

En dit met erkenning van het recht der ouders om te bepalen in welke richting dit onderwijs gegeven zal worden wat betreft de zedelike en godsdienstige vorming van het kind. Dit geldt zowel voor Middelbaar en Hoger als voor Lager en zowel voor professioneel en technies als voor algemene onderwijs.

Soos reeds gesê, misken die handhawing van die gewetensklousule die **reg** van kristelike ouers om te bepaal in watter rigting die onderwys sal gegee word.

Hierdie beginsels van die grondwet van die Nasionale Party is ook bekragtig geword deur die "Manifest en Programma van Aktie van de Nationale Party van de Kaap Provinsie" (goedgekeurd door het Party kongres te Middelburg, Sept. 16, 1915.)

Sover as die Raad kennis van sake dra, was die teenswoordige Minister van Onderwys een van die leidende persone op daardie Kongres.

In die „Manifest" staan onder die tietel „Beginsels van Nationalisme" geskryf:

„Ons oogmerk is om bij het volk een krachtig besef van Christelik Nationalisme aan te kweken dat erkent, dat de eerste en ernstige taak van de Staatkunde in Zuid-Afrika......bestaat in de ontwikkeling van een fris en degelik volksleven, en een oprechte nationale trots. In het volksleven begeren wij om de harten van alle sekties samen te binden door 'n nauwkeurige waardering van en zorg voor hun biezondere gevoelens, vreezen en belangen."

Hier is natuurlik sprake van seksies in verband met nasionaliteit, maar die toepassing van hierdie woorde op die grootste seksie van die bevolking van alle nasionaliteite wat die Kristelike beginsels eerbiedig, kan nie van die hand gewys word nie.

Die handhawing van die gewetensklousule is **geen** „nauwkeurige waardering" en sorg vir die besondere gevoelens, vrese en belange van die grootste seksie nie.

So kan ook hier uit die „Manifest" aangehaal word wat onder die tietel „Rust en Vrede onder het Volk" geboekstaaf staan: „Wij moeten in het gemoed van elke sektie der bevolking de overtuiging vestigen dat de Regering rechtvaardig, simpathiek en billik zal handelen en vooral dat hun sentiment, voorliefde en vooroordelen in rekening zullen genomen worden."

Hierdie beginsels wat deur die teenswoordige Regering gehuldig word, het verder geen toeligting nodig nie.

Hulle spreek in duidelike taal en die Raad is oortuig dat 'n noukeurige en gewetensvolle betragting van hierdie beginsels die verwydering van die klousule vereis of dit nou vir een inrigting of vir almal gedoen word en dit sonder beboeting.

6. **Die verbodsbepaling is beslis nie neutraal nie, maar 'n bevoordeling van die ongelowige standpunt.**

Die skynbare neutraliteit laat so beslis en so duidelik moontlik die skaal na die ongelowige kant toe deurslaan. Hierteen word aangevoer dat sowel die gelowige as die ongelowige professor gelyke kanse het, omdat vir so'n betrekking alleen wetenskaplike kwalifikasies in aanmerking moet geneem word.

Die Raad stem natuurlik toe dat iemand nie as professor kan aangestel word net omdat hy 'n gelowige kristen is, maar aan die ander kant verklaar die Raad met alle nadruk dat wetenskaplike bekwaamheid ook nie as die enigste kwalifikasie vir 'n benoeming tot so'n eervolle en gewigtige posiesie moet en mag beskou word nie. Lewenswandel, karakter ens. is essensiële vereistes vir manne en vrouens wat die saak van opvoeding met onderwys wil behartig en die vereistes staan in die allernouste verband met en word bepaal deur die al of nie godsdienstige oortuigings van sulke persone. Ondersoek hierna is egter verbode terrein vir Raadslede.-

Hiermee meen die Raad het hy sy standpunt ten opsigte van die vraagstuk uiteengesit.

Ten slotte wil die Raad die versekering gee dat hy die vryheid van niemand ingeperk of beperk wil sien nie.

Die Raad is hom bewus dat hy nie kan spreek namens ander Rade nie en dring daarom nie aan die verwydering van die klousule uit alle uniwersiteitswette nie. Hy spreek namens sy eie Inrigting, wat histories op 'n kristelike grondslag gestaan het en nie vrywillig maar onder protes, gedwing deur die nood van omstandighede, formeel sy kristelike stempel moes prysgee en is van oordeel dat die weg in die mosie van dr. N. J. van der Merwe aangegee aan sy verlange voldoen en die billike en ernstige oorweging van die Regering van die Unie van Suid-Afrika verdien.

Namens en in opdrag van die Raad van die P.U.K..

I. D. KRüGER,
President.

Potchefstroom, Maart, 1927.

„Die Weste"-Drukkery, Potchefstroom.